Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/5QGEEvKmysk

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 24 November 2024

- Daar is twee eredienste: 08:30 & 10:00.
- Beide eredienste word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Nagmaal word tydens beide eredienste bedien.
- Kleuterkerk sowel as die jeuggroepe het afgesluit vir die jaar.

Bybelstudie:

- Die Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die Seniors sluit Dinsdag 26 November af.

Verlof:

- Ds Marcel Floor is met verlof van 29 November tot 3 Desember, 7 - 13 Desember en 27 - 31 Desember 2024.
- Dr Peet Vermeulen is met siekverlof tot 5 Januarie 2025.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Wihan Rossouw. Sy ouma het Maandag haar aardse wedloop voltooi.
- Almal wat ongesteld is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

Wapadrant Jeug

Bestellings vir die jeugkleingroepe se doenboeke kan nou geplaas word. Elke boek het ‘n unieke kode om dit te identifiseer. (Druk op die knoppie onder om die inligting van al die boeke te besigtig).

Maak asb. ‘n elektroniese betaling na die kerk se bankrekening en gebruik die volgende verwysing: kind naam, van en boekkode. Stuur asb. die bewys van betaling na jeug@gkwapadrant.co.za. Die bewys van betaling dien as bestellingvorm. Let wel dat ‘n betaling vir elke kind gemaak moet word asb. Die boeke kan vroeg in Januarie 2025 afgehaal word.

Boekinligting met kodes

Die moederskamer gaan voortaan bekend staan as die “Gesinskamer”. Hartlik geluk aan Elizabeth Nel wat die wen-naam ingestuur het. Jy is die wenner van die SPUR-koopbewys!

G's Fees

Dit is die laaste Sondag om 'n koevertjie te neem in die portaal. Elke koevertjie (met R250 daarin) borg 'n sak met badprodukte vir een van die kinders van Kameelfontein. Jy kan die koevertjie in die liefdegawesakkie gooi of by die kerkkantoor inhandig. (Elektroniese inbetalings is ook welkom: *Sunrise Road NPC, ABSA rekening 4080276489, Verw: G's Fees*). Hiermee word 'n veeldoelige sak met badprodukte vir elke kind aangekoop.

Jy kan ook begin om produkte vir 'n lekker-bederf-badboks vir 'n ma of 'n pa bymekaar te maak. Neem gerus 'n lysie met voorgestelde items in die portaal.

Jy kan steeds 'n kaartjie vir die *Kersfees onder die Suiderkruis* kersprogram bekom. Kaartjies is Sondag in die saal, en gedurende die week by die kerkkantoor beskikbaar. Op 29 November sal kaartjies ook by die deure beskikbaar wees. Betaalopsies sluit kontant en SnapScan in.

Die program sluit samesang van 13 bekende kersliedere (o.l.v. orkes, orrel en kombinasie), pragtige voorlesings, 4 ongelooflike koorstukke (deur die jongmense van Vocalise Fellowship Choir), 2 sang solo's én orrelspel (deur Eddie Davey) in. Die programduur van 90 minute maak die prys die moeite werd! Dit sal nog voor 21:00 klaar wees en laat genoeg tyd om nog lekker saam te kuier. Jy kan dit selfs as jaarafsluiting gebruik.

Sondag, 1 Desember, is die eerste Sondag van Advent. Daar is slegs een erediens om 08:30. Trek asb. wit aan en bring jou badbokse, toegedraai en gemerk as mamma boks of pappa boks, kerk toe en plaas dit op die groot "G" in die portaal.

Bring asb. ‘n bordjie soet- of sout eetgoed (wat met die hand geëet kan word), in ‘n wegdoenbare houer en laat dit in die saal, want na afloop van die erediens, kuier ons lekker saam en geniet iets om te eet.

Kom! “G” aan God die eer vir ‘n helder somerkersfees!

GKSA nuus

GKSA rakende Bela-wetgewing

Graag heg ons ‘n belangrike kommunikasie aan vanaf die GKSA aan gemeentes in verband met die Bela-wetgewing.

Kontak hul asseblief met u eie insette en versoeke vir advies insake onderwys, in besonder ook Christelike onderwys. Help hul ook om in kontak te kom met kundiges vir onderrig in ander moedertale.

Skrywe vanaf GKSA

Skakel na Aanhangsels 1 - 5

Gereformeerde Teologiese Akademie

Dit is met groot vreugde dat GTA u uitnooi om deel te word van die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) wat in 2025 sy deure vir die eerste keer sal open. Die GTA is opgerig deur die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika om te voorsien in die behoefte aan Bybels gefundeerde, gereformeerde teologiese opleiding in Suid-Afrika. Hul visie is om 'n gesogte akademiese tuiste te skep vir studente wat hulleself wil toerus vir die bediening in die Gereformeerde kerke, asook vir ander belangstellendes wat by die opleiding, kursusse of kursuseenhede baat sal vind.

Sien hul skrywe hierby aangeheg vir meer besonderhede, asook hul Prospektus.

Skrywe vanaf GTA

Prospektus

Besoeke Expando Webwerf

Spesiale Desember/Januarie uitgawe vir slegs R40!

Die Desember/Januarie uitgawe van Die Kerkblad is hierdie jaar ‘n spesiale, uitgebreide uitgawe, besonder aktueel en 50% dikker as normaalweg.
Hierdie spesiale Kerkblad is verseker ’n moet vir die boekrak of ‘n ideale geskenk aan u kinders, aan iemand spesiaal of aan ons ouer lidmate.

Dit bevat o.a oordenkings oor die rykdom van die lofliedere wat met die koms van ons Here Jesus gesing is, ‘n artikel van dr. Danie Langner rondom Geloftedag en verkorte weergawe van sy preek voor 35 000 mense by die Voortrekkermonument verlede jaar. Ook word besondere Wêreldvraagstukke en oorloë bekyk deur ds. Allistar Torrens in Kiyev, Paul Maritz in Duitsland en dr. Victord’ Assonville wat dit belig vanuit Christus se heerskappy oor die wêreldvorste soos in Psalm 2 verkondig. Dit kyk ook na ons eie landsomstandighede en die redakteursonderhoud is hierdie maand met die bekende pa en dogter kunstenaars: Rouel en Nadia Beukes.

DIE AANBOD:
Lidmate wat nie intekenare is op Die Kerkblad nie kan deur hul kerkkantore hierdie prag-uitgawe bekom vir slegs R40.

Daar is ook in hierdie spesiale Kerkblad geleentheid om op hul elektroniese uitgawe in te teken teen R160 per jaar, of die gedrukte weergawe teen R380 per jaar, plus R190 koerierkoste, waar van toepassing.

Die Kerkblad bedank al hul intekenaars vir hul ondersteuning die afgelope 150 jaar!

Bestel jou spesiale uitgawe by Helena deur voor of op 26 November ‘n epos (kantoor@gkwapadrant.co.za) of WhatsApp (064 181 0694) te stuur.

Preekrooster

PREEKROOSTER

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
24 November (Nagmaal)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor
1 Desember G’s fees/Advent	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit
8 Desember (Doop)	Klassiek	08:30	Rassie Smit
15 Desember (Nagmaal)	Klassiek	08:30	Marcel Floor

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor